SAKE 24 (Volksblad)
Monday, 15 March 2010, p. 14

Telematika voordelig vir vlootfirmas

Die afgelope twee jaar was baie moeilik vir die voertuigmark en vlootmaatskappye is gedwing om ernstiger na hul sakemodelle te kyk en nuwe en innoverende maniere te vind om koste te bespaar.

Mnr. Gert Pretorius, besturende direkteur van MiX Telematics Enterprise, sê die doeltreffende bestuur van enige grootte vloot is van die uiterste belang. Die gebruik van telematika het die manier waarop voertuigvlote bestuur word aansienlik verander en daar is 'n definitiewe toename in die aantal kommersiële klante wat dié soort tegnologie aanvaar het. As 'n leier op die gebied van telematika is MiX Telematics aan die voorpunt van dié ontwikkeling en is hy een van die eerste maatskappye wat in staat is om regstreeks toegang tot die CANbus, of beheerarea-netwerk, van vragmotors te verkry.

"Brandstofkoste is verantwoordelik vir tot 40% van 'n vloot se uitgawes en het 'n groot invloed op die bestuur van enige vloot. Deur gebruik te maak van telematika kan daar aansienlik op uitgawes besnoei word.

"Brandstofdiefstal is altyd 'n bekommernis vir enige vlooteienaar en dit kan 'n groot invloed op die wins van die maatskappy hê. Met 'n produk soos MiX Telematics se FM Communicator en die FM Tracer kan 'n maatskappy die roete van 'n voertuig volg en sien wanneer hy stop op plekke waar hy nie behoort te stop nie," sê Pretorius.

Die voertuigverslae toon die afstand wat gery is aan en die vlooteienaar sal onmiddellik kan sien as te veel brandstof gebruik is vir die getal kilometers wat gery is.

"Deur van telematika-tegnologie gebruik te maak, kan inligting ten opsigte van brandstofverbruik regstreeks van die enjin van die voertuig verkry word, wat help met doeltreffende vlootbestuur," sê hy.

Nog 'n aspek van vlootbestuur wat op dié manier beheer kan word, is instandhouding.

"Wanneer bestuurders byvoorbeeld hard rem, kan die bande en remme van die voertuig beskadig word en moet dit dan vroeër vervang word as wat normaalweg nodig sou wees. Dit kan 'n aansienlike invloed op die koste van instandhouding hê. Telematika kan die vlooteienaar waarsku as 'n bestuurder te hard rem."

Vlootbestuursprodukte kan ook veilige bestuur aanmoedig omdat bestuurders verplig word om binne die "groenband"-spesifikasies te bestuur. Om die veiligheid van die bestuurder, vrag en vragmotor te verseker, word Matrix Recovery Services aanbeveel, omdat hulle al aansienlike suksesse behaal het met die terugkry van gesteelde voertuie.

"Die gebruik van só 'n diens kan ook 'n invloed hê op die maatskappy se versekeringspremies. Dit is vir die versekeringsmaatskappy, sowel as die vlooteienaar, voordeliger om die voertuig terug te kry as om dit te vervang. Sommige vragmotors se vervangingswaarde is baie meer as R1 miljoen en die vlooteienaar verloor ook kosbare tyd as sy vloot nie in staat is om sy kontraktuele verpligtinge na te kom nie," sê Pretorius.

Die bestuur van die roetes wat gebruik word het ook 'n invloed op die beheer van koste. Goeie roetebeplanning verseker dat bestuurders die kortste afleweringsroete gebruik en nie onnodige ompaaie ry nie. Dit kan ook 'n besparing op oortyd-uitgawes meebring omdat bestuurders hulle aflewerings in die kortste moontlike tyd kan afhandel. Stemkontak met die bestuurders van vragmotors stel ook die vloot-hoofkantoor in staat om bestuurders te kontak indien roetes sou verander.

Vlootprodukte kan ook 'n groot rol speel as Suid-Afrika binnekort streng reëls aanvaar ten opsigte van vragmotors se CO_2-vrystellings. Pretorius sê dat MiX Telematics se FM-produkte reeds getoets is om CO_2-vrystellings te kan meet.

"Die FM Communicator word internasionaal gebruik om CO_2-vrystellings te meet en voldoen aan streng riglyne. Vlooteienaars sal onmiddellik weet as hul voertuie die perke oorskry. Internasionaal was die produk reeds suksesvol om vlooteienaars te help om binne die perke vir CO_2-vrystelling te bly," sê hy.

"Daar is steeds maatskappye wat nie van telematika-tegnologie gebruik maak om hul ondernemings te bestuur nie, maar namate die verbruiker meer ingelig raak, word hy meer bewus van die langtermynvoordele en besparings vir enige vloot. Ons vorm vennootskappe met ons klante deur aan hulle die regte inligting te verskaf wat hulle kan gebruik om hul ondernemings te laat groei."